GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# DISTRIK: GAUTENG-WES

# GEMEENSKAPLIKE EKSAMEN
# NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS HUISTAAL
# VRAESTEL: 1 (TAAL IN KONTEKS)
# GRAAD: 10

**Memorandum**

Punte: 70

Tyd: 2 uur

*Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye*

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**Nasien van die leesbegrip**

- Omdat die fokus op begrip is, moet foutiewe spelling en taalfoute in response nie gepenaliseer word nie, tensy sulke foute die betekenis verander. (Foute moet steeds aangedui word).
- As ‘n kandidaat woorde van ‘n ander taal as die taal van die vraestel gebruik, moet daardie woorde geïgnoreer word. Moenie die kandidaat penaliseer indien die antwoord steeds sinvol is nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- By oopvrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/ motivering/ regverdiging moet oorweeg word.
- Geen punte word toegeken vir vir WAAR/ ONWAAR of FEIT/ OPINIE nie. Die rede of motivering moet oorweeg word. Wanneer een-woord-antwoorde vereis word en die kandidaat ‘n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee/ drie feite/ punte vereis word en die kandidaat verstrek ‘n reeks, word slegs die eerste twee/ drie.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir veelkeusevrae word BEIDE die letter EN/OF die antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

**VRAAG 1**

**Teks A: ARTIKEL: Pokémon Go speletjie**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | “plek-gebaseerde werklikheidspeletjie” √ (penaliseer nie “...”) | (1) | *3* |
| | | | |
| 1.2 | Hulle gebruik ‘n toepassing./Hulle gebruik hulle slimfone/selfone om die speletjie te kan speel. √ | (1) | *3* |
| | | | |
| 1.3 | Daar is al reeds baie Suid-Afrikaners wat die speletjie afgelaai het, al is die speletjie nog nie amptelik bekendgestel nie √ | (1) | *2* |
| | | | |
| 1.4 | “Dit het ook reeds die rekord laat spat vir die selfoonspeletjie wat nie meeste afgelaai is ter wêreld”.√ | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.5 | ‘n Horlosie√<br>‘n GPS- navigator √ | (2) | *1* |
| | | | |
| 1.6 | Die GPS gebruik satelliete om die te bepaal waar presies die speler is. √ | (1) | *5* |
| | | | |
| 1.7 | Dat die speler/gebruiker sy werklike omgewing moet verken √ om Pokémon/ ‘n monstertjie vas te trek /te vang√ | (2) | *3* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 1.8 | Teen onbetroubare weergawes van die speletjie. √<br>Teen onbetroubare winkels vir die aflaai van die speletjie. √ | (2) | *1* |
| | | | |
| 1.9 | Koop eerder die speletjie by betroubare winkels/ Apple of Google Stores. √<br>Kies eerder 'n weergawe wat reeds die meeste kere afgelaai is.√ | (2) | *1* |
| | | | |
| 1.10 | Daar is/was net te veel mense wat die speletjie gelyk wou aflaai. | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.11 | Openbare plekke is plekke soos strate/parke /buite geboue/strande. √ | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.12 | Kinders wat verlore raak in vreemde plekke/waar hulle nie hoort nie. √ | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.13 | 1.13.1 Figuurlik. √ | (1) | *1* |
| | | | |
| | 1.13.2 Die toepassing gebruik die krag van die selfoon se battery sodat die battery gou pap word. | (1) | *2* |
| | | | |
| 1.14 | "Moenie dat die opwinding van die speletjie jou iets laat doen waaroor jy later gaan spyt wees nie." √ | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.15 | (Eie opinie)<br>Ja, dit kan gevaarlik wees as mens nie kyk wat om jou aangaan nie/<br>Ja, daar kan mense wees wat jou dophou met kwade bedoeling,(Of soortgelyk).<br>Nee, solank jy dit nie op jou eie doen nie,/bedag is op jou omgewing/ voorsorg tref/wegbly uit ander mense se tuine is dit veilig en pret.<br>(Of 'n soortgelyke antwoord.) | (1) | *4* |
| | | | |
| 1.16 | Om die toepassing/speletjie aan te skakel/te gebruik. | (1) | *1* |
| | | | |
| 1.17 | (Eie opinie – 2 aspekte)<br>Dit is goeie oefening om te stap op soek na die monstertjies./<br>Dit kry mense weg van die TV of rekenaar en uit in die buitelug./<br>Dis 'n lekker speletjie om as 'n groep te geniet.<br>Die hele gesin kan dit saam speel.<br>Om monstertjies te vang gee die speler 'n gevoel van sukses.<br>(Of 'n soortgelyke antwoord.) | (2) | *5* |
| | | **[23]** | |

**TEKS B: SPOTPRENT**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.18 | 'n Kind is te bang om te gaan slaap √en vra 'n ouer om seker te maak alles is veilig √ /<br>Kinders is dikwels bang om alleen in hul kamers te wees √en vra dan 'n ouer om eers te kom kyk of alles veilig is. √ | (2) | *3* |
| | | | |
| 1.19 | Hy wil probeer aandui dat kinders nou nog meer monsters ken en dus meer het om voor bang te wees. √ (of soortgelyk) | (1) | *4* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.20 | Hy steek albei sy hande uit . √<br>Hy kyk ernstig af na die kind in die bed. / Hy maak direkte oogkontak met haar √ | (2) | *3* |
| | | | |
| 1.21 | In teks A wil die skrywer die leser/speler maan om veilige sagteware af te laai en altyd veiligheid in ag te neem as die speletjie gespeel word.<br>In teks B voel die kind in die bed nie veilig nie, maar bang vir monsters, werklike monsters en virtuele/Pokemon monsterjies. √√<br>(Die leerder moet raak aan die twee verskillende hoeke van "veilig wees".) | (2) | *5* |
| | | **[7]** | |

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**Nasien van die opsomming**

**Puntetoekenning:**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per kernfeit)
- 3 punte vir taal
- Aantal punte: 10

**Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie verbatim aangehaal het nie:**

- 1-3 punte korrek: ken 1 punt toe
- 4-5 punte korrek: ken 2 punte toe
- 6-7 punte korrek: ken 3 punte toe

**Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat verbatim aangehaal het:**

- 6-7 aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
- 1-5 aanhalings: ken 1 taalpunt toe

**LET WEL:**
**Aantal woorde:**

- Nasieners moet die aantal woorde wat kandidate aanwend, verifieer.
- Moenie enige punte aftrek indien die kandidaat nie die aantal woorde aandui nie, of as die aantal woorde wat aangewend is, verkeerd aangedui is nie. As die vereiste totaal oorskry is, lees tot die laaste sin voor die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.

**VRAAG 2: OPDRAG**

- Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming **waarin jy aandui hoe mense in 7 gevalle hulle lewens verloor het met die neem van 'n selfie**.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om die opsomming van 'n titel te voorsien nie.
- Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

| | Aanhaling | | Eie woorde/ Punt |
|---|---|---|---|
| 1 | In Januarie vanjaar het 'n student in die Filippyne haarself te pletter geval van die dak van 'n 20-verdieping gebou af terwyl sy probeer het om die perfekte agtergrond vir haar selfie te kry. | **1** | **'n Fillipynse student het van 'n gebou af geval.** |
| 2 | In Februarie vanjaar het drie mediese studente van Bengaluru, Indië verdrink terwyl hulle in 'n besproeiingskanaal beland het in 'n poging om selfies te neem. | **2** | **Drie Indiëse studente het verdrink toe hulle in 'n besproeiingskanaal beland het.** |
| 3 | 'n 16-jarige seun in Chennai, Indië het vêr by 'n treinvenster uitgeleun om 'n selfie te neem, toe hy noodlottig getref is deur 'n aankomende passasierstrein vanuit die teenoorgestelde rigting. | **3** | **'n Indiëse seun het by 'n treinvenster uitgeleun en is deur 'n ander trein getref.** |
| 4 | In April vanjaar het 'n man in 'n dieretuin in die Indiëse stad, Hyderabad gesterf toe hy teen 'n rotswand probeer uitklim, gegly en sy kop teen 'n rots gestamp het. Hy wou skynbaar 'n goeie skoot van homself met tiere op die agtergrond kry. | **4** | **'n Man het teen 'n rotswand uitgeklim in 'n dieretuin, sy kop gestamp en gesterf.** |
| 5 | 'n Sakeman van China het in 'n wildreservaat in Shangdong verdrink toe hy selfies geneem het met 'n walrus. | **5** | **'n Chinese sakeman het in 'n wildreservaat verdrink toe hy selfies geneem het met 'n walrus.** |
| 6 | 'n Tiener van Rusland was waaghalsig besig om homself af te neem op die dak van 'n trein toe hy doogeskok is. | **6** | **'n Russiese tiener is doodgeskok op die dak van 'n trein.** |
| 7 | In Seville, Spanje, het 'n Poolse toeris van 'n brug af geval terwyl hy 'n selfie wou neem en | **7** | **In Spanje het 'n Poolse toeris van 'n brug af geval.** |
| | … in Mei 2014 'n Cessna-loods byna beheer oor sy vliegtuig verloor en verongeluk amper homself en sy passasiers – vir 'n selfie. | | (Nie noodlottig – hulle het oorleef) |
| | | | **Aantal woorde: 89** |

In paragraafstyl:

**'n Fillipynse student het van 'n gebou af geval. Drie studente van het verdrink toe hulle in 'n besproeiingskanaal beland het. 'n 16-jarige Indiëse seun het by 'n treinvenster uitgeleun en is deur 'n ander trein getref. 'n Man het teen 'n rotswand uitgeklim in 'n dieretuin, sy kop gestamp en gesterf. 'n Chinese man het in 'n wildreservaat verdrink toe hy selfies geneem het met 'n walrus. 'n Russiese tiener is doodgeskok op die dak van 'n trein. In Spanje het 'n Poolse toeris van 'n brug af geval. (90 woorde)**

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**Die nasien van Afdeling C**

- Spelling:
  - Een woord - antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is
  - In volsin - antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui .

| | **VRAAG 3: ADVERTENSIE** | **Opmerking** | **Punt** | ***Denk-vlak*** |
|---|---|---|---|---|
| 3.1. | 'n Toepassing (app) van 'n Afrikaanse prenteboek as interaktiewe–storie / 'n digitale storieboek. | | (1) | *1* |
| 3.2. | Ouers van jong kinders / Jong kinders wat interaktiewe toepassings op selfone/tablette gebruik. / Beginnerlesers. | | (1) | *1* |
| 3.3. | Dit beeld die vreesloosheid van die seerowers uit./ Dit dui op die tipiese uitroep van seerowers./ Seerowers is bekend vir die uitroep as hulle aanval. | Ander gepaste moontlikhede binne die konteks van die teks kan ook aanvaar word | (1) | *2* |
| 3.4. | ha**m**erkophaai | | (1) | *1* |
| 3.5. | rymende | | (1) | *2* |
| 3.6. | Wat kry lewe op jou iPad**?** Hoe kry die heerlike storie lewe op jou iPad**?** Waar kry die heerlike storie lewe**?** Waarom kry die heerlike storie lewe**?** | Vraende voornaamwoord moet in spesifieke vraagsin gebruik word. Vraagteken belangrik. | (1) | *1* |
| 3.7. | Kalamari pas in die konteks van die seeruimte/ Kalamari is deel van die seelewe. Kalamari is inkvis uit die see voorgesit as seekos. Die titel en naam vorm alliterende k-klanke. | | (1) | *2* |
| 3.8. | Die gebruik van die voornaamwoorde **jy** en **jou**. | | (1) | *1* |
| 3.9. | gaande/gek/dol | | (1) | *1* |
| 3.10. | Dit wys presies waaroor die boek handel./ Dit bied 'n kreatiewe visuele uitbeelding van wat van die toepassing verwag kan word/ Dit gee 'n aanduiding van die verskillende opsies wat in die toepassing beskikbaar is. | | (1) | *4* |
| | | | **[10]** | |

| | **VRAAG 4: TEKS F (SPOTPRENT)** | | | *Dvlak* |
|---|---|---|---|---|
| 4.1. | *volk + blad* | Beide moet korrek wees vir een punt | (1) | *3* |
| 4.2. | bv. dramaklas/dramareeks/dramaskool | | (1) | *3* |
| 4.3. | bewaarheid | | (1) | *3* |
| 4.4. | leuen(s) | | (1) | *2* |
| 4.5. | le – wens – dra - ma | | (1) | *1* |
| 4.6. | vreemd; vreemdste | Albei vir 1 punt | (1) | *1* |
| 4.7. | meen / voel / glo / vermoed / sê | Ander moontlike sinonieme wat in die sin pas | (1) | *3* |
| 4.8. | Dit laat die implikasie/suggestie van sy woorde aan die leser se verbeelding oor. Die leser kan self 'n afleiding maak oor wat Brad se aaptwak behels. | | (1) | *4* |
| 4.9. | Sy van is Pitt en pit kan ook verwys na die pit van 'n plant.(dwelm) | | (1) | *5* |
| 4.10. | Die meerkat sê dat die waarheid soms vreemder as 'n Hollywood-fliek is. / Die meerkat sê die waarheid is soms vreemder as 'n Hollywood fliek.. | | (1) | *2* |
| | | | **[10]** | |

| | **VRAAG 5: TEKS G (ARTIKEL)** | | | *Dvlak* |
|---|---|---|---|---|
| 5.1. | tyd | | (1) | *1* |
| 5.2. | In hierdie speletjie het deelnemers in 'n Middelandse wêreld teen mekaar geveg. | Werwoord moet aan die einde van die sin wees. | (1) | *1* |
| 5.3. | vordering / bevordering | | (1) | *3* |
| 5.4. | die hele nag lank | | (1) | *2* |
| 5.5. | Party jongmense sukkel (dan) om die volgende dag wakker te bly, omdat hulle die hele nag lank speel. / Omdat party mense die hele nag lank speel, sukkel hulle om die volgende dag (by die skool) wakker te bly. | | (1) | *1* |
| 5.6. | meervoud. | | (1) | *2* |
| 5.7. | spekvet | | (1) | *2* |
| 5.8. | dokter/doktor | | (1) | *3* |
| 5.9. | - in Suid-Korea- / (in Suid-Korea) | | (1) | *1* |
| 5.10. | kan uitleef | | (1) | *1* |
| | | | **[10]** | |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**